

PASTORALE SORG KURSUS GEFOKUS OP
KINDERS EN JONGMENSE

JAAR 2

Prof Wentzel Coetzer



In Jaar-1 van ons *Jaarkursus gefokus op Kinders en Jongmense* het ons gefokus op die oorweldigende pyn waarmee kinders en jongmense soms worstel – pyn en trauma wat in talle gevalle reeds voorgeboortelik 'n aanvang geneem het. In hierdie Opvolgjaar word daar gefokus op 'n aantal verdere kritiese areas waar kinders en jongmense emosionele letsels kan opdoen en wat hulle met hul saamneem die res van hul lewe indien daar nie begeleiding sou plaasvind nie. Sommige van die kritiese areas sluit in verslawing, selfdood, aandagafleibaarheid, eetversteurings, emosionele verwonding, ens. Besondere klem word ook gelê op praktiese riglyne met die oog op begeleiding en heling. Persone wat besonder baat sal vind by hierdie kursus is diegene wat reeds Jaar-1 suksesvol afgehandel het, asook jeugleraars, jeugwerkers, beraders by skole, kategete, onderwysers, Sondag-skoolonderwysers, maatskaplike werkers asook pastorale beraders wat op kinders en jongmense gefokus is.

KURSUSLEIER

Prof Wentzel Coetzer

STATUS VAN KURSUS

Suksesvolle
studente ontvang
'n geakkrediteerde
sertifikaat

DUUR VAN KURSUS

Een Jaar

STRUKTUUR

- Hierdie is 'n afstandsonderrig kursus en studente word voorsien van die klankbane van al die lesings wat normaalweg by werksinkels aangebied sou gewees het. Studente kan ook in enige stadium van die jaar met hierdie kursus begin.
- Daar is drie werkopdragte wat gedurende die jaar ingelewer moet word en 'n skripsie aan die einde van die kursus.
- Daar is ook 'n goedkoper opsie (Opsie B, wat aan die einde van hierdie dokument verduidelik word).

BELANGRIKE DATUMS

Module 1

Inhandigingsdatum van eerste werkopdrag

[31 MAART]

Module 2

Inhandigingsdatum van tweede werkopdrag

[30 JUNIE]

Inhandigingsdatum van derde werkopdrag

[30 SEPTEMBER]

Inhandigingsdatum van skripsie

[24 DESEMBER]

INHOUD VAN KURSUS

Module 1: Krisis en trauma berading

- *Aborsie, miskraam en stilgeboorte – Pastorale riglyne.*
- *Getraumatiseerde kinders binne 'n milieu van verslawing.*
- *Selfdood – pastorale riglyne vir almal betrokke.*

Werkopdrag 1 = 8 000 woorde

Module 2: Die impak van die kinderjare

- *Aandagafleibaarheid en die pastoraat.*
- *Die moeder se impak op toekomstige generasies.*
- *Wanneer jou biografie jou biologie word. Die effek van kinderjare trauma op gesondheid gedurende die volwasse jare.*

Werkopdrag 2 = 8 000 woorde

Module 3: Die vernietigende effek van verslawing

- *Verslawing as 'n verwoester – die impak van 'n lewensverhaal.*
- *Eetversteurings – Pastorale riglyne.*
- *Seksuele verslawing (Internetseks, prostitusie, pornografie, ens.) – Pastorale riglyne.*


Werkopdrag 3 = 8 000 woorde

Module 4: Genesing van emosionele pyn

- *Mense wat beroof is van hul seën en hoe om die seën weer te ontvang.*
- *Pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde jongmens – Deel 2*
- *Jan Frank se tien fase genesingsmodel.*

Werkopdrag 4 - Skripsie = 16 000 woorde

Evaluering



Evaluering sal geskied deur middel van die drie werkopdragte en die skripsie. Vir die finale jaar-punt tel die eerste drie werkopdragte 50% en die skripsie 50%.

KOSTE

Opsie A

1. Totale kursusfooi: R10 000 (plus R300 vir koerier koste)..
 2. Registrasiefooi: R3 000.
Dit dek ook die studiemateriaal van 12x bundels (verpak in vier ringbind lêers) en vier voorgeskrewe handboeke.
 3. Uitstaande bedrag na betaling van registrasiefooi: R7000.
 - 3.1 Afbetaal opsie 1: 6x maande @ R1166 p.m.
 - 3.2 Afbetaal opsie 2: 10x maande @ R700 p.m.
- Studente kwalifiseer vir 55x VBO punte (NG en Herv Kerk); asook vir 12x krediete in terme van verdere studie; ook vir 20x VBO punte by CPSC (beradersvereniging).

Opsie B

1. Totale kursusfooi: R7 700 (plus R300 vir koerier koste).
2. Registrasiefooi: R3000. Na betaling van hierdie bedrag ontvang die student die studiemateriaal, wat insluit 12x bundels asook die vier voorgeskrewe handboeke. Studente is nie verplig om die vier werkstukke in te dien nie. Indien jy egter nie die vier voorgeskrewe handboeke wil hê nie, dan is die totale bedrag vir die kursus R6500 en die registrasiefooi R3000 (die vier werkopdragte van Opsie-A is gebaseer op die vier voorgeskrewe handboeke).
3. Uitstaande bedrag na betaling van registrasiefooi: R4700 (**handboeke ingesluit**)
 - 3.1 Afbetaal opsie 1: 6x maande @ R784 p.m.
 - 3.2 Afbetaal opsie 2: 10x maande @ R470 p.m.
4. Uitstaande bedrag na betaling van registrasiefooi: R3 500 (**handboeke uitgesluit**)
 - 4.1 Afbetaal opsie 1: 6x maande @ R583 p.m.
 - 4.2 Afbetaal opsie 2: 10x maande @ R350 p.m.

Opsie B

Met Opsie-B kwalifiseer studente nie vir VBO punte of vir krediete in terme van verdere studie nie – hulle ontvang wel 'n bywoning sertifikaat. Opsie-B kan egter in 'n later stadium opgegradeer kan word na Opsie-A toe (wat al die krediete insluit), deur die vier werkstukke in te handig en die verskil tussen die fooie van Opsie-A en Opsie-B in te betaal. By beide Opsie-A en Opsie-B kan die registrasiefooie in twee paaiemente betaal word.


Studente kan in enige stadium van die jaar inskakel by hierdie kursus

Kontakgegevens

Prof Wentzel Coetzer

E-pos: wentzelc@gmail.com

Sel: 0836600409



Daar word nie met hierdie kursus veronderstel dat studente aan die einde daarvan outoriteite sal wees ten opsigte van elk van die genoemde areas nie – wel egter dat hulle in die breë kennis geneem het van elk van die areas ten einde beter in staat te wees om, as deel van 'n multidissiplinêre span, kliënte/beradenes waar nodig na die onderskeie professionele persone te verwys.